

VAN NIEKERK BRUL IN 100 M

9.94! Wayde wys naels

Wim Pretorius

Wayde van Niekerk bly op die regte koers om in Augustus sy stempel af te druk by die Wêreldatletiekbyeenkoms in Londen, nadat hy eergister in Velenje, Slowenië, die 100 m in onder 10 sekondes kafgedraf het.

Van Niekerk, die enigste atleet ooit wat al die 100 in onder 10 sekondes, die 200 in onder 20 sekondes en die 400 in onder 44 sekondes kon hardloop, het 'n blitsige 9.94 sek. by die EA Classic-byeenkoms gehardloop. Hiermee het hy ook sy persoonlike beste tyd in dié item met 0.04 s verbeter.

Hy beklee nou die sesde plek op die Internasionale Vereniging van Atletiek-federasies (IAAF) se 2017-ranglys. Akani Simbine se 9.92, wat hy by Tuks se L.C. de Villiers-stadion gehardloop het, is steeds die naasbeste tyd ter wêreld vanjaar.

Die Amerikaner Christian Coleman beklee die eerste plek met die 9.82 wat



Wayde van Niekerk op pad na sy onlangse sege in die Boston-sstraatwedloop oor 200 m.

Foto: GETTY IMAGES

hy in Eugene in die Amerikaanse deelstaat Oregon aangeteken het.

Suid-Afrika se Emile Erasmus (10.12 sek.) en Henricho Bruinjies (10.14 sek.) het eergister onderskeidelik tweede en derde in Velenje geëindig.

Van Niekerk het ook verlede week sy beste tyd in die 200 m in Jamaika opge-

stel: 'n nuwe Suid-Afrikaanse rekordtyd van 19.84.

"Ek is baie bly (oor die tyd)," het Van Niekerk ná afloop van sy wedloop gesê. "Dit was my beste tyd en ek is bly die kompetisie het geëindig soos wat ek wou hê dit moes. Dit is ook goed in terme van my twee hoofitems (die 200 en

400)."

Sandra Perkovic van Kroasië was die ander groot uitblinker. Die Olimpiese diskuskampioen het die tweede beste gooi van die jaar (69.58 m) gelever. Sy hou ook die voorste plek met 70.23 m.

Rikenette Steenkamp het haar tweede beste tyd in die 110 m-hekkies gehardloop toe sy 13.03 aangeteken het.

Steenkamp dreig al heeljaar om onder 13 sekondes te hardloop. As sy dit regkry, sal sy die eerste Suid-Afrikaanse atleet sedert Corien Botha in 1998 wees om dit te doen. Steenkamp sal heelwat motivering put uit die destydse voorering van Botha, wat 'n jaar voordat sy die SA rekord van 12.94 sek. aangeteken het, 'n beste tyd van 13.24 gehad het.

Steenkamp het reeds met 0.14 sek. verbeter sedert Januarie en haar internasionale aanslag het pas begin.

Tamzin Thomas het 'n sege in die 200 m in 23.82 sek behaal en Jovan van Vuuren het derde geëindig in die verspring met 'n beste sprong van 7.41 m.